## TWEE NUWE BRONNEPUBLIKASIES

Die Publikasieafdeling van die Kantoor van die Direkteur van Argiewe het weer twee belangrike bronnepublikasies die lig laat sien, wat 'n waardevolle aanvulling van twee amptelike publikasiereekse is. (Prys nie gemeld nie — gewoonlik is dit R4.20 elk).

a. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat No. 3: Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (volledig met alle bylae daarby), deel III (1858).* Parow, Kaap, 1960.

Dit is die derde deel in die reeks wat die publikasie van die notule van die Volksraad van die Republiek van die Oranje-Vrystaat ten doel het. Die eerste twee dele wat, onderskeidelik, die notule van 1854/55 en 1856/57 bevat, het in 1952 en 1953 verskyn, sodat hierdie deel, na so 'n lang stilswye, baie welkom is.

Deel III bevat dan (i) die notule van die gewone vergadering van die Volksraad in Februarie tot Maart 1858, (ii) die notule van die sitting van die Volksraad as hof van appèl in Februarie 1858 in verband met sake van plaasgrense en ander grondkwessies, (iii) die notule van die verdaagde Volksraadsvergadering in Junie 1858 en (iv) dié van die buitengewone sitting in November/Desember 1858. Veral in die laasgenoemde notule kom belangrike sake voor: onder andere die verlening van gesag aan die Staatspresident om naturelleopperhoofde in aangrensende gebiede periodiek onder sekere omstandighede van beperkte hoeveelhede ammunisie en gewere te voorsien, die bespreking van 'n moontlike aaneensluiting met Transvaal en ook met die Kaapkolonie, die voorneme van pres. Boshof om ontheffing uit sy amp by die Volksraad aan te vra, ensovoorts.

Die teks van hierdie notule beslaan die eerste 139 bladsye van die publikasie. Die volgende meer as 400 bladsye bevat die bylae, d.i. kopieë van daardie stukke wat deur die Volksraad tydens sy sittinge in behandeling geneem is. Die opneem

van hierdie bylae is vir die navorser en belangstellende van onskatbare waarde, nie net omdat dit hier in 'n baie maklik leesbare vorm aangebied word nie, maar veral omdat dit bymekaar gebring word uit verskillende argiefgroepe waarin dit berus. Die taak om die betrokke bronne op te spoor is dus vir die navorser klaar gedoen.

Verder bevat die werk 'n deeglike inhoudsopgawe, baie waardevolle verduidelikende voetnote en 'n uitgebreide Persone-, Geografiese en Saakregister, opgestel deur mnr. D. C. Joubert, M.A. (publikasie-argivaris), wat ook vir die versorging en persklaar-maak van die hele werk verantwoordelik was. Hierdie taak is deur hom op sy kenmerkende deeglike wyse uitgevoer.

b. *South African Archival Records, Natal No. 4: Records of the Natal Executive Council (1853—1856).* Cape Town, 1963.

Soos die titel aandui, is dit die vierde deel in die reeks waarin dokumente wat in die Natalse argief berus gepubliseer word. Die dokumentegroep wat in hierdie reeks (die eerste deel het in 1958 die lig gesien) aan die beurt is, is die notule van die wetgewende liggaam. Die eerste deel bevat die Notule van die Natalse Volksraad (1838—1845), die tweede en derde dele die „Rekords of the Natal Executive Council" onderskeidelik vir die jare 1846 tot 1848 en 1849 tot 1852, terwyl in die onderhawige deel dié van 1853 tot 1856 opgeneem is. Benewens hierdie notule bevat dit ook as bylae die dokumente wat in die verskillende sittinge behandel, ter sprake of opgestel is. Wat hierbo in verband met die Vrystaatse publikasie ten opsigte van die waarde van die bylae gesê is, geld vanselfsprekend ook hier.

Benewens gewone administratiewe reëlings, word in hierdie dokumente waardevolle inligting verstrek aangaande die Natal-Zoeloeverhoudinge in dié vroeë tydperk van die kolonie se bestaan. Verder word met hierdie publikasie die einde van die eerste fase in die bestaan van die Natalse kolonie bereik vir sover dit die regering aanbetref. In 1856 het die „Executive Council", wat in 1845 ingestel is, naamlik met die verkryging van die „Charter of Natal" opgehou om te bestaan, waardeur die nie-verteenwoordigende bestuur in Natal tot 'n

einde gekom het. In die plek daarvan is toe beperkte verteenwoordigende bestuur ingestel.

Die persoon wat vir die transkripsie van die dokumente, die opstel van die volledige en heldere inhoudsopgawe, verduidelikende voetnote en uitgebreide register verantwoordelik was, is mnr. B. A. le Cordeur, M.A. onder redaktriseskap van mev. V. R. Fourie, M.A. (redaktrise, Natalse Argief). Die werk is baie noukeurig en netjies verrig en doen hierdie persone beslis eer aan.

* * *

Hierdie publikasiereekse — die ander twee wat ook aan die gang is, dek (i) die Notule van die Transvaalse Volksraad (met bylae), waarvan al ses dele (1845—1867) die lig gesien het, en (ii) die Resolusies van die Politieke Raad (drie dele, 1651—1707) — se waarde kan nie oorskat word nie. Vir die navorser bring dit die argief tot binne in sy studeerkamer; vir die dosent en onderwyser, veral in die middelbare skool, bring dit hierdie belangrike voordeel dat hy sy geskiedenisonderrig kan baseer op en ophelder met die dokumente self. Geen middelbare skoolbiblioteek mag sonder hierdie werke wees nie.

Ten slotte verdien die Kantoor van die Direkteur van Argiewe 'n hartlike dankie vir wat reeds op die terrein van die publikasie van dokumente gedoen is en 'n groot asseblief om, indien moontlik, hierdie belangrike werk nog verder uit te brei en te bespoedig.

J. S. du Plessis.

Potchefstroom.

William P. van Wyk: *My Sermon notes on Parables and Metaphors.* Grand Rapids 6, 1962.

Hierdie uitgawe is een van ongeveer 'n dertigtal populêre handboeke as hulp vir die predikant in sy prediking onder die reeks „Minister's Handbook Series". Ons het hier 'n goed gefundeerde verklaring van 'n groot aantal gelykenisse in die vorm van preeksketse. Die inhoud is suiwer en gee ons 'n goeie insig in die Gereformeerde betroubaarheid van die rigting in Grand Rapids, waar dit nie maklik gebeur, soos so dikwels vandag i.v.m. die gelykenisse die geval is, dat 'n

teoloog verval in die „imaginative and speculative" nie. Trouens, om waarlik die gelykenis so te verklaar dat dit God se Woord is wat spreek, is besonder moeilik. En Van Wyk slaag daarin by uitnemendheid, en dit op 'n duidelike eenvoudige manier.

Maar terselfdertyd voel 'n mens verleë met 'n boek soos hierdie. Persoonlik voel ek baie onvrymoedig om dit aan predikante aan te beveel, om die eenvoudige rede dat dit „preeksketse" is! Vergeef my uitgesproke siening in hierdie rubriek, maar hierdie soort versoekings moet ons uit die pastorieë uithou! Dan sal daar op ons kansels ook minder onoorspronklike napratery wees waardeur die prediking gaandeweg vervlak. Ja, gee aan die predikante *studiemateriaal,* maar tog nie klaargekookte preke of preeksketse nie... net so min as wat die professor al sy lesings kant en klaar by die boekhandel kan koop!

Daarom, hier is 'n goeie handboekie om die gelykenisse te kan verklaar; katkisasie-onderwysers kan daar baie vrugbaar van gebruik maak, maar dit is nie 'n boek om 'n dominee laat op 'n Saterdagaand aan 'n preek te help nie. Van hierdie soort boeke word daar heeltemal te veel deur predikante gekoop!

V. E. D'Assonville.

Dr. Johann Bekker met medewerking van J. H. van Dyk: *Godsdiensonderwys in die skool.* Afrikaanse Pers Boekhandel. Harde band, 91 bl.

Die boek is bedoel as metodiek-handboek vir studente en onderwysers by die Godsdiensonderwys. Dit voorsien in 'n ernstige leemte en behoort baie byval te vind. Die werkie is prakties maar die praktyk bly gegrond op suiwer beginsels. Die styl lees nie altyd maklik nie, waarskynlik omdat soveel stof in 'n gekonsentreerde vorm gegiet is.

Beginnende by grondliggende beskouings oor Godsdiensonderwys, word agtereenvolgens bespreek: Die onderwyser en die leerling; Die leerstof; Voorbereiding van 'n Bybelles; Die lesplan; Die verskillende lesvorms; Enkele verdere aspekte in verband met die metodiek en organisasie van Godsdiens-

onderwys en Aanskoulike hulpmiddels by die Godsdiensonderwys.

Dit is 'n werkie wat sterk by diensdoende onderwysers sowel as toekomstige onderwysers aanbeveel kan word.

J. Spoelstra.

Arthur E. Pontier: *The Saviour and the Church.* Baker Book House, Michigan. Slap band, 83 bl.

Die sub-titel van die werkie lui: „A Catichism Manual of New Testament Revelation". In sy voorwoord stel die skrywer dat dit sy doel is om die kind te lei na die Bybel. Dit is geskryf in die vorm van vrae en antwoorde, met take vir die kind om self op te soek in die Bybel. Die geskiedenis i.v.m. elke onderwerp word dan kortliks vertel, gevolg deur 'n skema van die les en 'n toepaslike psalm of lied. In hierdie vorm word 'n oorsig gegee van die hele Nuwe Testament van die aankondiging van die geboorte van Jesus tot by die wederkoms. Die boekie kan vir die onderwyser van baie waarde wees. Vir die Afrikaanssprekende kind sal dit nie verstaanbaar wees nie.

J. Spoelstra.

Prof. H. J. J. Bingle: *Aspekte van Christelike-Nasionale Onderwys.* Publikasies van die Pretoriase Onderwyskollege. Die N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria. 1962. Slap band, 23 bl.

Twee voordragte, die eerste oor: „Aspekte van Christelik-Nasionale onderwys" en die ander oor „Mensbeskouing en opvoeding", is in brosjurevorm saamgevat. In die eerste van die twee artikels word die C.N.O.-gedagte prinsipieel uiteengesit onder die opskrifte: „Die Afrikaanse volk as grondslag van C.N.O."; „Die inhoud van die C.N.O.-skool soos dit uit bostaande voortvloei", en „Die noodwendige stelsel wat dit vereis om te gedy".

Hierdie veel-bespreekte, veel-omstrede onderwerp word in 10 bladsye kort en bondig behandel. Vir iemand wat belang stel in die C.N.O.-gedagte maar nie die tyd het om 'n diepgaande studie daarvan te maak nie, verskaf hierdie brosjure die basiese gedagtes wat C.N.O. ten grondslag lê.

In die tweede artikel word Mensbeskouing en Opvoeding behandel op 'n meer Opvoedkundig-wetenskaplike wyse. Veral vir die persoon wat belang stel in die Opvoedkunde, is dit die moeite werd om deeglik kennis te neem van hierdie beknopte uiteensetting van een van die belangrike vraagstukke.

Die skrywer kom tot die slotsom dat ons vandag geen duidelike geformuleerde mensbeskouing in ons onderwys het nie, wat noodwendig verwarring en dualisme in ons onderwys tot gevolg het.

J. Spoelstra.

Ds. W. J. de Klerk: *Grondpatrone van die Bybel.* Publikasies van die Pretoriase Onderwyskollege. N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria. Sagte band, 21 bl..

„Ons uitgangspunt is dat die Bybel benader moet word vanuit die openbarings-historiese metode". So stel die skrywer sy doel. Die gewyde geskiedenis moet daarom openbaringslyne en momente aantoon. Uit hierdie uitgangspunt word die verskillende Bybelboeke agtereenvolgens behandel en daaruit word die openbaringslyne blootgelê. Die taak is besonder sistematies aangepak en uitgevoer en die werkie behoort vir enige leser van waarde te wees en nie slegs vir die onderwyser, vir wie dit in die eerste plek geskryf is nie. Dit bevat hoogsgekonsentreerde stof en kan nie vlugtig deurgelees word nie maar moet eerder deurdink word om tot sy volle reg te kom.

J. Spoelstra.

Albert Huisjen: *Talking about Jesus with a Jewish neighbor.* A keynote in personal Jewish evangelism. Baker Book House. Grand Rapids, Michigan. 1964.

Hierdie boekie (54 bladsye) is 'n vervolg op „The Home Front of Jewish Missions", in 1962 deur dieselfde outeur gepubliseer. (Ons het dit onlangs ook die *Koers* geresenseer).

Die skrywer was van 1923 tot 1956 in diens van die „Chicago Jewish Mission of the Christian Reformed Church". Hy ken die Jode, hulle boeke, hulle opvattings en hulle verharding van sinne, omdat daar 'n sluier lê oor hulle hart. Maar die sluier kán weggeneem word, vernietig word! (Kyk 2 Kor. 3 : 14—16).

In hierdie boekie bewys die skrywer uit Wet en Profete dat Jesus die Messias is. Hy doen dit met goeie eksegese en ook op taktvolle manier sodat hy die snare van die Joodse siel kan tref.

Die titel van sy boekie bevat terloops ook nog 'n opwekking vir ons self: Praat met jou Joodse buurman; voer *gesprekke* met hom! Lees dan eers hierdie boekie; dit sal u eie insig verhelder. Die gesprekke sal ook u eie geloof verlewendig.

J. H. Kroeze.